# Gereformeerde Kerk Bellville-Oos
# **Huisbesoek 4de Kwartaal**

## Kom met `n verwagting!

**Inleiding**
Die Gereformeerde Kerk Bellville-Oos het `n besondere roeping van die Here ontvang. `n Gedeelte daarvan is vasgevang in die twee gedenkplate / hoekstene in die voorportaal van ons kerkgebou. Op beide die gedenkplate is daar ‘n aanhaling uit Openbaring 22:17 “**Laat hom wat dors het, kom**” en “**die water van die lewe is verniet**.” Ons wil graag in die komende jare weer nuut kyk na ons gemeente se gehoorsaamheid aan die beginsels van hierdie gedeeltes.

Ons vat dit saam in die tema: **Strome lewende water**. Hierdie tema is geformuleer uit Johannes 7:38 en dui op die gevolge van wanneer iemand werklik sy geestelike dors by Jesus Christus kom les.

Uit hierdie Skrifgedeelte het ons ook drie aktiwiteite geïdentifiseer wat te doen het met die water van die lewe: **Kom, Drink en Vloei.**

By die vorige huisbesoek het ons aandag gegee aan Jesus se oproep: Kom na My toe.
Tydens hierdie huisbesoek gee ons aandag aan **Kom met `n verwagting!**

Wanneer jy vir `n kursus of `n ekstra vak, of vir afrigting in een of ander sport inskryf, is daar tog voor die tyd by jou `n verwagting van dit wat die geleentheid gaan oplewer. Jy verwag dat jy meer bekwaam sal wees, beter punte sal kry, op `n hoër vlak jou sport sal kan beoefen. Jy verwag tog dat die toeruster, afrigter, sal weet wat hy doen.

Antwoord die volgende vrae:
Kom jy met `n verwagting na die Here toe? Wat is hierdie verwagtinge wat jy het? Op wie fokus hierdie verwagtinge van my? Op myself, ander, God, ..... Hoe toets ek my verwagtinge en as dit getoets is, hoe sorg ek dat wat ek verwag wel gebeur?

**Luister weer na die Here se oproep om te kom uit Jesaja 55:1-6.**

In vers 1 kry ons die oproep wat ons al goed deurgetrap tydens die vorige huisbesoek gesprekke. Tog sal ons saamstem dat dit waarna ons uitgenooi word, iets waardevol is.

Wat is volgens vers 2a die waarde van dit wat die persone gewoonlik koop? Was die verwagting wat hulle gehad het vervul?

Wat is volgens die res van vers 2 en vers 3a nodig om wel iets van waarde te kry?
Met watter verwagting mag mens volgens vers 3 na God toe kom?

As ons dan aandagtig kom en luister, watter verdere verwagtinge kan ons volgens verse 4 en 5 hê?

Wat word met vers 6 bedoel? Is dit dringend om na God te kom en te luister?

Hoe sluit hierdie gedeelte aan by die oorhoofse tema van KOM, DRINK, VLOEI?

Hoor wat sê ons Here Jesus in Johannes 6:44-45

- Wie moet die eer kry omdat ons kom?
- Watter verwagting mag ek hê as die Vader my nader trek?
- Watter werkwoorde in hierdie gedeelte kom ooreen met dit wat ons uit Jesaja 55 geleer het?
- Hoe dink jy sluit vers 45 aan by ons oorhoofse tema van KOM, DRINK, VLOEI?

Uit ons vorige saamdink geleenthede oor hierdie tema het ons gesê dat ons `n Kom-sê-kerk wil wees. Ons wil graag `n plek wees waar mense met vrymoedigheid heen kan kom. Verder het ons gesê dat dit belangrik is dat ons persoonlik die oproep om na Jesus Christus te kom gehoorsaam.
Hierdie keer wil ons vir mekaar vra: kom jy nog met `n verwagting? Verwag jy dat as jy KOM, daar iets sal wees om te DRINK?
Verwag ons nog dat die Vader mense na Jesus sal trek deur ons gehoorsaamheid?
Gesels oor `n klompie verwagtinge wat julle saam geïdentifiseer het in julle strewe om kom-sê-kerk te wees, en om persoonlik na Jesus as die lewende water te mag kom. Bid oor hierdie sake. Staan op God se beloftes en vra Hom om die dinge te gee wat ons mag verwag.

**Sake vir behandeling op huisbesoek (vir ouderling se aandag):**

1. Werk te alle tye met die nuutste wykslys wat u van die kantoor ontvang het.
2. Kontroleer lidmaatbesonderhede en gee enige verandering aan die kantoor deur.
3. Kyk assblief of nuwe lidmate reeds ingetrek is in die gemeente. Tref maatreëls indien dit nie na wense geskied het nie.
4. **NB:** Kontroleer asb. die naskoolsejeug in jou wyk (sien lyste deur Wickus en Danie uitgedeel tydens die ouderlinge se toerusting). Is hulle nog hier? Wil hulle inskakel by `n geloofsfamilie? Gee asseblief terugvoer oor elkeen van hulle.
5. **Golfdag:** doen moeite in jou wyk om almal te **betrek** en hiervan `n sukses te maak. **Neem sterk leiding!**

**Notas:**